

NG Kerk in Oos-Kaapland

Vrae wat gereeld oor Kommissies vir Diensverhoudinge (DVK) gevra word

1. Waarom is dit belangrik om 'n DVK te hê?

Antwoord: Enige gemeente gaan op 'n stadium uitdagings op personeelgebied ondervind, hetsy deur aftrede, bedankings, dissiplinêre gevalle, of selfs die beroeping van 'n predikant. Om 'n funksionerende DVK te hê wat deurlopend op hoogte van personeelaangeleenthede is, sal hierdie situasies korrek, sonder krisisbestuur en met die nodige kundigheid hanteer kan word. Om nie 'n DVK te hê nie, is om soos 'n maatskappy te wees wat nie 'n Personeeldepartement of Menslike Hulpbronne-afdeling het nie.

Die DVK bied 'n toonbank aan alle werknemers in gemeente verband waar enige aspek van hul werksverhouding met die gemeente die nodige aandag kan kry. Die DVK sien om na die behoeftes van die personeel en die gemeente en verseker dat beide partye se belange prioriteit geniet.

2. Uit wie sou 'n gemeente se DVK kon bestaan?

Antwoord: In die eerste plek moet lede die gemeente se belange op die hart dra. Die aantal lede van die DVK sal afhang van die aantal persone wat in diens van die gemeente staan en deur die gemeente vergoed word vir hul dienste, hetsy voltyds of deelyds. Dit is daarom moeilik om 'n spesifieke aantal lede as standaard voort te hou. Noggans moet die DVK op kort kennisgewing kan ontmoet en daarom nie te groot wees nie.

Gesamentlik moet lede oor die volgende vaardighede en kennis beskik of weet wanneer om spesialis kennis in te win waarvoor lede nie beskik nie: Personeel-kennis en ervaring, arbeids- en regs-kennis, finansiële agtergrond en goeie menseverhoudings. Verder moet DVK-lede begrip toon dat dit onrealisties en onvanpas sal wees dat personeelsake binne 'n gemeente, wat 'n nie-winsgewende en bedieningsgerigte organisasie is, op presies dieselfde wyse hanteer moet word as 'n winsgedrewe maatskappy. In die kerk werk ons met verhoudings en daarom word gesonde verhoudings en die uitbou daarvan voorop gestel.

3. Wat is die belangrikste take van die DVK?

Antwoord: Die belangrikste funksie kan beskryf word dat die DVK namens die Kerkraad die diensverhoudinge binne die gemeente op 'n gesonde en wettige wyse begelei. Die DVK neem nie die besluitneming ten opsigte van personeelaangeleenthede by die Kerkraad oor nie en kan net binne 'n gegewe mandaat hul funksies uitvoer. Spesifieke take sluit in:

- **Kontrakte:** Die korrekte en billike bewoording van kontrakte is een van die DVK se grootste take aangesien dit baie geskille kan voorkom nog voor dit gebeur.
- **Personeel-bestuur:** Voorsiening van hulpbronne aan die gemeente soos bepaal deur die kerkraad en sluit daarom alle aspekte van indiens- en uitdienstreding in. Verder hanteer die DVK byvoorbeeld ook: Die bestuur van verlof, salaris-aanpassings en byvoordele en posbeskrywings. Die DVK moet seker maak dat alle af-dae deur die dominee(s) geneem word, sodat daar ook na hul eie geestelike en emosionele opbou omgesien word. Ten

opsigte van dissiplinêre prosesse sal die DVK leiding gee maar nooit onafhanklik van die kerkraad tugstappe neem nie.

- **Die versorging van amptenare:** Hiermee word veral na die persoonlike welstand van die leraar/s en amptenare verwys. Hierdie aspek sluit ook opleiding en vaardigheidsontwikkeling in. Soos die dominee huisbesoek by die gemeente doen om te vra na die welstand van die lidmate sou dit byvoorbeeld goed wees vir die DVK om op 'n persoonlike vlak ook die dominee(s) se versorging prioriteit te gee.

4. Wat is die rol van die Diensverhouding kommissie voor, tydens en na die beroepingsproses?

Antwoord: Die DVK lewer 'n diens aan die pre-advieskomitee of kerkraad gedurende die beroepingsproses. Voorbeelde van take sal gewoonlik die volgende insluit: opstel van advertensie (om te verseker die bewoording voldoen aan wetgewingsvereistes), Hulp met die opstel van onderhoudsvrae, die opstel van kontrak of diensaanbod (om te verseker die regte tipe kontrak en bewoording gekies word, asook advies ten opsigte van die vergoedingskaal en byvoordele).

5. Wat is prestasiebeoordeling en die rol daarvan in gemeentes? Wat het die DVK hiermee te doen?

Antwoord: In die korporatiewe wêreld word baie aandag en tyd spandeer om werkers se uitsette te meet aan sekere verwagtinge en doelwitte. Dit gaan hoofsaaklik oor die akkuraatheid, bereiking van besigheidsteikens, en areas vir verbetering in. Hieraan word gewoonlik ook salarisverhogings en selfs bevorderings gekoppel. Omdat daar in die kerk nie (gewoonlik) bevorderingsmoontlikhede is nie, en omdat die werk dikwels van so aard is dat goeie insette nie altyd goeie uitsette tot volg sal hê nie, en omdat die aantal ure aan 'n projek of taak ook nie noodwendig sukses verseker nie, is dit uiters noodsaaklik dat prestasiebeoordeling met baie omsigtigheid hanteer word.

Terwyl dit verwag word dat almal wat in die koninkryk dien dit moet doen tot God se eer, en daarom so goed as moontlik, moet daar nie in die strik getrap word dat die kerkkantoor in 'n fabriek ontaard en die predikant soos 'n produksiewerker van elke uur van die dag verslag moet lewer nie.

Nogtans sal dit ook nie regverdig wees dat wanneer sekere gedrag en optrede van leraars en personeel die gemeente se saak nie dien nie, dit onder die mat gevee word ter wille van vrede en liefde nie.

Daarom behoort die DVK riglyne op te stel waarvolgens daar minstens jaarliks met elke persoon in diens van die gemeente gesprek gevoer moet word oor hul werk. Dit skep die platform waar wedersydse verwagtinge en algemene terugvoer gegee kan word.

Ideaal gesproke behoort leraars vir sekere lidmate of die kerkraad ten minste jaarliks proaktief terugvoer te vra na aanleiding van die volgende eenvoudige vrae: Wat het die afgelope tyd goed gewerk? en wat kan volgens jul indrukke beter gaan?

In die kerk werk ons met gawes en die uitbou daarvan. Daarom moet die DVK erns maak daarmee om die gawes van die leraar(s) te ongin en uit te bou, ter wille van die Koninkryk. Die DVK moet die leraar(s) inspan daar waar hul geroepe voel en passie het vir 'n bepaalde taak en so ver moontlik los maak by dinge wat hul energie tap. In die liggaam van Christus leef ons vanuit Sy gawes.